

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 42**

**19 Oktober 2025**

## God roep na mense wat wegkruip

**Die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra:"Waar is jy?"- Gen 3:9**

Die paradys verhaal laat mens onwillekeurig glimlag. Om te dink Adam en Eva het gedink hulle kan vir God wegkruip! Hoe het hulle dan oor God gedink? Hulle wat so na aan Hom geleef het, behoort tog te weet dat God nie 'n mens is nie, dat Hy alomteenwoordig is. En tog gaan kruip hulle vir Hom weg.
Mense probeer van God af wegkom. Dis maar wat sonde deur al die eeue heen veroorsaak. Ek en jy kruip ook gereeld vir God weg. Ons dink nie so daaraan nie, maar ons vermy doelbewus die plekke en geleenthede en geselskap waar God se stem en teenwoordigheid vir ons dalk te veel kan raak. Sonde maak ons skrikkerig vir God.
End an roep God. Hy kon sommerso stilletjies daar by die wegkruipplek opgedaag het en vir die twee wegloopmense die skrik op die lyf gejaag het. Maar Hy roep soos 'n vader roep. Hy gee vir die mens kans om te antwoord, om verantwoording te doen, om uit sy skuilplek te kom en vir God te ontmoet.
Die gesprek tussen Adam en Eva was goed én sleg. Sleg in die sin dat hulle die paradys verloor het, dat hulle die onbelemmerde samesyn met God verloor het. Maar goed in die sin dat God sommer dadelik vir hulle 'n nuwe toekoms gee, 'n moontlikheid om weer naby Hom te kom.
Op 'n dag het God 'n brug geslaan – terug na die paradys toe – toe Sy Seun aan die kruis gesterf het. En nou roep Hy weer: vir my en jou en al Sy kinders wat nog vir Hom probeer wegkruip. Hy roep ons na die kruis waar Hy met \n nuwe toekoms op ons wag.

**Dankie!**

- Dat God nie net vir my en jou roep nie, maar ook vir almal wat nog vir Hom probeer wegkruip!
- Dat God ons Sy kinders noem en ons Hom deur die Gees van aanneming Hom ons Vader kan noem!
- Vir God se liefde! Daar is géén groter liefde as dit nie! God is liefde!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- Marina Visser
- Rina Roos
- Fred Olivier

Laura Viegas
Rudi Kruger
Juanita Rossouw
Oom Thys van Tonder
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Marius van der Westhuizen
Tannie Nelie van Tonder
Magda Olsen
Janine Vorster

## Gedagte vir die week

**'n Mens kan nie vir God wegkruip nie.**
**Hy is alomteenwoordig en alwetend.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org